## Gedig

**Joan Hambidge**

### Twee ruimtevaarders: 'n Lykdig
### Vir Anastasia de Vries

Ene Butch Wilmore en Suni Williams bly
in limbo op 'n ruimtestasie. Met die terug-
keer in SpaceXDragon sal die ruimtepakke
nie deug nie. Die Starline-kapsule land ondertussen
veilig in die Nieu-Mexiko-woestyn met NASA
se planne vir die projek "teruggaan aarde toe".
Die maanlanding gadegeslaan 20 Julie, 1969: Apollo 11.
Dit was in Pretoria. Met Neil Armstrong as die groot, groot held.
Vir my was Buzz Aldrin, the second man on the moon,
die een wat boei. Want om 'n gedig te skryf, maak van mens
immer daardie een, wat 'n tweede plek inneem, verlore simbole
of ervarings opteken; oor dít wat jy nooit kon kry of wees.
Herinneringe en ervarings soos monsters van die maan.
Sommer net 'n afskeidswens vir jou, Anastasia op 'n verre reis, nou
'n astronout, sonder spertyd of terugkeer na ons wat treur.